Radikale Redenaar

Beleidsdokument

Gewysig 2020

---

1. Die Geskiedenis van Radikaal
2. Radikale Visie
3. Radikale Beoordelaars
4. Van die Begin tot ’n Radikale Amen
    1. Inskrywings
    2. Die eerste uitdunrondtes
    3. Streeksfinaal
    4. Nasionale Finaal
5. Algemene terme en voorwaardes & reëls en regulasies

1. Die Geskiedenis van Radikaal

Die Radikale Redenaar is die breinbaba van Chantelle de Wet, ’n gepubliseerde skrywer en ’n bekende naam in die kring van redenaars. As onderwyseres het sy al hoe meer die nood gesien vir die ontwikkeling van sprekersvaardighede onder leerders en alhoewel daar reeds redenaarskompetisies was, het slegs enkele kinders die geleentheid gekry om hierby betrokke te raak. Aangesien Chantelle geweet het hoeveel tyd en moeite in ’n toespraak ingaan, het sy besluit om ’n redenaarsfees op die been te bring, al was dit slegs om leerders die geleentheid te gee om te kan praat.

Die Radikale Redenaarsfees (RRF) is vir die eerste keer in 2007 aangebied in Pretoria. In 2008 het die RRF uitgebrei na 4 provinsies en in 2009 is dit vir die eerste keer op Nasionale vlak aangebied. Tans is daar deelname in al 9 provinsies. Nuwe kategorieë het ontstaan op aanvraag en die Radikale Leesfees het ook bygedra tot meer leerderdeelname. In 2016 het Chantelle die leisels oorgegee aan Linda Henning en so groei die RRF van krag tot krag.

2. Radikale Visie

Die Radikale Redenaar se visie is om aan soveel as moontlik leerders die geleentheid te gee om voor mense op te tree. Beoordelaars moet positief bydra tot die leerders se sprekerspersoonlikhede en kritiek moet opbouend van aard wees. Die Radikale Redenaar streef daarna om die angel uit publieke optrede te haal en kinders se **selfvertroue te verbeter**. Alhoewel die Radikale Redenaarsfees ’n kompetisie is, moet die fokus **deurentyd op deelname geplaas word en die ontwikkel van redenaars as lewensvaardigheid moet aangemoedig** word. In die proses sal die Radikale Redenaar ook poog om toekomstige beoordelaars op te lei en onderwysers te betrek by redenaars as buitemuurse skoolaktiwiteit. Tydens die inskrywingsproses en eerste uitdunrondtes sal die Radikale Redenaar sover moontlik onderwysers ondersteun en die druk van hulle afhaal deur al die nodige reëlings te tref. Die Radikale Visie berus op die ontwikkeling van maksimum potensiaal van sprekers regoor Suid-Afrika.

3. Radikale Beoordelaars

Ons het huidiglik ongeveer 65 beoordelaars landwyd wat betrokke is vanaf uitdunrondtes tot en met die Nasionaal.

In Januarie word daar weer opleiding gedoen vir die bestaande beoordelaars om te verseker dat die beoordeling konsekwent en op standaard is, en daar op dieselfde elemente gefokus word.

Daar sal een beoordelaar per lokaal wees tydens die eerste uitdunrondtes, om sodoende die kostes so laag as moontlik te hou. By die Streeksfinale sal daar van plaaslike, bekwame beoordelaars gebruik gemaak word, asook by die Nasionale Finaal. In hierdie uitdunrondtes sal daar egter ’n minimum van twee beoordelaars per lokaal wees.

4. Van die begin tot ‘n Radikale Amen

4.1 Inskrywings

Inskrywings kan deur ouers self gedoen word, maar skole word aangemoedig om as skool deel te neem. Dit vergemaklik administrasie en verhoed misverstande en wankommunikasie. Die offisiële inskryfvorm kan op die web verkry word. Met inskrywings moet ouers en/of onderwysers seker maak dat die regte kodes vir die afdelings gebruik word aangesien dit nie na die eerste uitdunrondtes verander kan word nie.

Kodes vir deelname aan redenaars:

R01 - Afrikaans Moedertaal
R02 - Afrikaans Addisionele Taal
R03 - English Home Language
R04 - English Additional Language
R05 - Tweetalig / Bilingual
R06 - Afrikaans Span
R07 - English Team
R08 - Eksperimenteel Individueel
R09 – Experimental Individual
R10 – Eksperimenteel Span
R11 – Experimental Team
Daar is geen onvoorbereid of tweetalige spanne.

Vir volledige inligting oor elke afdeling, raadpleeg Hoofstuk 5.

Inskrywings beloop **R110 per item per inskrywing vir redenaars**, **R85 per item per inskrywing vir lees**, en **R350 per span**, en daar is geen beperkinge op hoeveel items ’n leerder aan kan deelneem nie. Skole word ook nie beperk op hoeveel leerders hulle inskryf nie.
Inskrywings sal **slegs per e-pos of faks** aanvaar word en dit bly die verantwoordelikheid van die ouer/ onderwyser / skool om op te volg of die inskrywings ontvang is. Sluitingsdatums is belangrik om administrasie te vergemaklik en geen inskrywings sal op die dag van deelname aanvaar kan word nie.

Die tyd en plek van deelname sal direk aan skole gekommunikeer word, asook aan diegene wat privaat ingeskryf het. Alle navrae kan aan Linda gerig word by radikaleredenaar@gmail.com. Die Facebookblad is **slegs** om inligting deur te gee, te spog met foto’s en daar kan nie altyd op privaatboodskappe gereageer word nie.

Kansellasiebeleid:
Geen terugbetalings van inskryfgelde sal geskied nie. Kansellasie kan per e-pos deurgestuur word. Indien die skool ’n ander leerder wil stuur, moet ’n e-pos nie later as 48 uur voor deelname deurgestuur word nie.

4.2. Die eerste uitdunrondtes

Sodra die inskrywings afgehandel en die program uitgestuur is, kom neem die sprekers deel. Tydens die eerste uitdunrondtes sal een beoordelaar per lokaal in beheer wees. Die beoordelaar sal deelnemers se graad, naam en kategorie kontroleer. Elke spreker ontvang ’n sertifikaat van deelname waarop die uitslae (simbool) en kategorie ook aangedui sal word. Elke deelnemer sal ook ’n repliekvorm van die beoordelaar ontvang. Hierop sal motiverings en opbouende kritiek neergepen word. **Dit is belangrik dat notas op die repliekvorm gelees word.** Die onus berus by die spreker om seker te maak dat die inligting op die sertifikaat korrek is. Die beoordelaar hou rekord van die uitslae (%) op ’n gestandariseerde beoordeelvorm. Van 2018 sal geen punte aan redenaars gegee word nie, maar die persentasie sal slegs by die beoordelaar bly, en is slegs vir kantoorgebruik. Elke redenaar word ’n simbool gegee:

A+ (90+)
A (85 – 89)
A- (80 - 84)
B+ (77 - 79)
B (74 - 76)
B- (70 – 73)
C (60-)

Sodoende word al hoe minder gefokus op die punte en meer aandag word getrek na die deelname en ontwikkeling van ’n lewensvaardigheid. Dit sal ook tot gevolg hê dat die punte weer opgetel kan word om foute te verminder. Punte sal gekontroleer word om seker te maak geen optelfoute sluip in nie.

. 4.3. Streeksfinaal

Na afloop van al die eerste uitdunrondtes in ’n streek sal elke beoordelaar se topsprekers in elke afdeling deurdring na die volgende rondte. Die rede hiervoor is eenvoudig. Elke beoordelaar se persoonlike voor- en afkeure verskil en een beoordelaar se 90% is nie noodwendig dieselfde as ’n ander beoordelaar se 90% nie, en dit gee elke deelnemer ‘n regverdige kans. Indien daar nog plekke oop is, sal nog deelnemers genooi word.
Aangesien dieselfde beoordelaars gebruik word, maak dit eenvormigheid en standarisering makliker.

NOTAS: (hierdie geld ook vir uitdunrondtes)

- Nie alle A+ simbole gaan deur na die volgende rondte…dit word bepaal volgens die hoogste % punte. (Elke beoordelaar se uitslae word in berekening gebring)
- Indien daar heelwat % uitslae is wat dieselfde is, is dit nie moontlik om almal deur te laat gaan na die volgende rondte aangesien ons plekke beperk is
- Indien daar slegs 1 spreker in ‘n kategorie \ streek deelgeneem het, sal hy\sy direk deurgaan na die Nasionaal **mits die % uitslae dit regverdig** (hoog bo 90%).

Die uitslae sal op die webwerf verskyn en sal op Facebook aangekondig word wanneer dit beskikbaar gaan wees. Indien enige foute gesien word, moet **’n e-pos** aan radikaleredenaar@gmail.com gestuur word. Nie op facebook, sms of whatsapp asseblief.
Tydens die streeksfinale rondtes sal ’n minimum van twee beoordelaars per lokaal wees. Leerders sal ’n knopie ontvang as bewys van deelname en een/twee wenners sal aan die einde van elke sessie aangewys word. As ’n leerder nie in die betrokke sessie kan deelneem nie, sal aangeneem word hy/sy onttrek. Alhoewel spesiale versoeke tydens die eerste uitdunrondtes gemaak kan word, is die streeksfinale rondtes kompetisiegedrewe en leerders moet in die spesifieke sessie deelneem. **Geen veranderinge sal toegelaat word.**
Tydens die streeksfinale sal tyd van redenaars wel geneem word. Sprekers wie se toesprake te lank is sal penaliseer word, en 3 punte sal afgetrek word vir die 1ste minuut

oor die tyd, en daarna 1 punt vir elke minuut. Sprekers wie se toesprake te kort is, sal penaliseer word met 3 punte.
Beoordelaars se besluit is finaal en geen veranderinge sal hieraan gemaak word nie.

4.4. Nasionale Finaal

Die Nasionale Finaal word in Oktober in Pretoria aangebied. Die datum word reeds die einde van die vorige jaar bekendgemaak en daar kan ongelukkig nie aan hierdie program verander word nie. Sprekers moet in hul spesifieke sessie deelneem om te kan wen. **Geen uitsonderings kan gemaak word nie**. Daar sal ’n minimum van twee ervare beoordelaars per lokaal wees en die wenner en naaswenner sal direk na afloop van die sessie aangewys word. Sprekers se tyd sal wel geneem word en sprekers sal penaliseer word, en 3 punte sal afgetrek word vir die 1ste minuut oor die tyd, en daarna 1 punt vir elke minuut. Sprekers wie se toesprake te kort is sal penaliseer word met 3 punte. Beoordelaars se besluit is finaal en geen veranderinge sal hieraan gemaak word nie. ’n Volledige lys van die uitslae sal na afloop van die Nasionale Finaal op die webwerf verskyn.

5. Algemene terme en voorwaardes & reëls en regulasies

- Redenaars moet deurgaans in skoolklere deelneem. Daar is sommige deelnemers, bv leerders wat tuisonderrig ontvang wat nie uniforms het.
- Dieselfde toespraak moet deurgaans gebruik word en redenaars mag nie verskillende toesprake gebruik nie. Toesprake wat die vorige jaar tot en met Nasionale vlak gebruik is, mag nie hergebruik word nie.
- Dieselfde toespraak mag in Afrikaans en Engels gebruik word, maar die spreker moet die vertaling self behartig. Dieselfde toespraak mag nie vir meer as 2 afdelings gebruik word.
- Vanaf 2019 sal Gr 0-R nie deurgaan na die Streeks- of Nasionale Finaal rondtes, aangesien hul baie senuweeagtig is en sommige verboureerd raak. Moedig hul steeds aan om deel te neem aan die eerste rondte, aangesien dit vir hul ervaring en opleiding is vir wanneer hul “groot skool” toe gaan.
- Lees asseblief die reëls en inligting vir elke afdeling deeglik.

- Tydsduur**: (BAIE BELANGRIK)**

Redenaars (alle individuele afdelings)

Gr R - 3 is 2 – 4 minute
Gr 4 – 7 is 4 – 6 minute
Gr 8 -12 is 6 – 8 minute

Spanne (alle afdelings) **Neem asb kennis dat die struktuur van RR spanne ONVERANDERD bly**

Gr R – 3 is 5 – 7 minute
Gr 4 – 7 is 8 – 10 minute
Gr 8 – 12 is 10 – 12 minute

5.1 Afrikaans Moedertaal & Addisionele Taal

Punte van belang (wat gebruik word tydens beoordeling)

Die toespraak:

- ✓ Die onderwerp moet beredeneerbaar wees en pas by ouderdom van spreker
- ✓ Inleiding en slot moet treffend/effektief wees
- ✓ Struktuur en inhoud moet duidelike en logiese argumente bevat
- ✓ Daar moet 3 bronne (1 per argument), en voorbeelde/eie opinies wees
- ✓ Geen motiverings-, inligtings-, of vermaaklikheidstoesprake nie.

Die aanbieding

- ✓ Is spreker se voorkoms netjies?
- ✓ Is die spreker selfversekerd/oortuigend/geloofwaardig?
- ✓ Stemgebruik: natuurlik/intonasie/artikulasie/duidelik?
- ✓ Is gebare natuurlik/sinvol/gepas?
- ✓ Is oogkontak en notahantering gemaklik/natuurlik?

In hierdie afdeling word GEEN hulpmiddels, sing en dans toegelaat.

5.2 English Home- & Additional Language

Dieselfde soos 5.1 vir Afrikaans

5.3 Tweetalig

Tweetalige toesprake moet 50% Engels en 50% Afrikaans wees. Verkieslik moet die 1ste helfte in die deelnemer se Moedertaal wees, en die ander 50% in hy/sy se Addisionele taal.

Punte van belang (gebruik tydens beoordeling)

Die toespraak:

- ✓ Die onderwerp moet beredeneerbaar wees

- ✓ Inleiding en slot moet effektief/treffend en geskik wees vir die spreker se ouderdom
- ✓ Struktuur en inhoud moet duidelike en logiese argumente bevat
- ✓ Die toespraak moet 50% Afr en 50% Eng wees
- ✓ Daar moet 3 bronne (1 per argument), voorbeelde en eie opinies wees
- ✓ Geen motiverings-, inligtings-, of vermaaklikheidstoesprake nie.

Die aanbieding:

- ✓ Is spreker se voorkoms netjies?
- ✓ Is die spreker selfversekerd/oortuigend/geloofwaardig?
- ✓ Goeie stemwisseling tussen Afrikaans en Engels en uitspraak moet korrek wees, natuurlik en duidelik
- ✓ Is gebare natuurlik/sinvol/gepas?
- ✓ Is oogkontak en notahantering gemaklik/natuurlik?
- ✓

5.4 Spanne – Afrikaans & Engels - die struktuur van RR spanne bly onveranderd

'n Span kan bestaan uit 2-4 lede. Leerders neem in skooldrag deel.
Spanwerk tussen lede is baie belangrik.

Die toespraak:

- ✓ Die onderwerp moet beredeneerbaar wees en geskik vir lede se ouderdom
- ✓ Inleiding en slot moet effektief/treffend wees
- ✓ Sprekers se standpunte moet aanpas bymekaar
- ✓ Vorm toespraak saam 'n goeie eenheid, en bronne voldoende? (1 per standpunt)
- ✓ Is daar eie voorbeelde en is taalgebruik skeppend?

Die aanbieding :

- ✓ Is sprekers se voorkoms netjies?
- ✓ Is sprekers selfversekerd/oortuigend/geloofwaardig?
- ✓ Is spanwerk sterk genoeg?
- ✓ Maak sprekers oogkontak met gehoor en mekaar tydens lewering?
- ✓ Stemgebruik vir elke spreker: duidelik/uitspraak en tempo?
- ✓ Is sprekers se notahantering gemaklik/natuurlik?

In hierdie afdeling word geen hulpmiddels, sing of dans toegelaat.

5.5 Eksperimenteel Individueel – Afrikaans & Engels

Hierdie afdeling is nie so streng en formeel soos die gewone afdelings nie.
Die toespraak moet steeds beredeneerbaar wees. Bronne is nie 'n vereiste nie, en sprekers word aangemoedig om hul eie toesprake te skryf. Hul moet hul standpunt oortuig met eie ondervinding en hul eie opinies.
Spanne mag hier ook deelneem (spanlede van 2-4)

Die toespraak:

- ✓ Die onderwerp moet beredeneerbaar wees
- ✓ Inleiding en slot moet treffend/effektief wees en geskik vir spreker se ouderdom
- ✓ Struktuur en inhoud moet duidelike en logiese argumente bevat
- ✓ Geen motiverings-, inligtings-, of vermaaklikheidstoesprake nie.

Die aanbieding

- ✓ Is spreker se voorkoms netjies?
- ✓ Is die spreker selfversekerd/oortuigend/geloofwaardig?
- ✓ Stemgebruik: natuurlik/intonasie/artikulasie/duidelik?
- ✓ Is gebare natuurlik/sinvol/gepas?
- ✓ Is oogkontak en notahantering gemaklik/natuurlik?

Neem asseblief kennis van die reëls in hierdie afdeling: **(Individueel en spanne)**

- ✓ Sprekers neem deel in skooldrag (das,pet,blom ens is toelaatbaar)
- ✓ Klein en slegs gepaste hulpmiddels word toegelaat
- ✓ Geen dramatiese bewegings…moet gepas wees
- ✓ Sing en dans moet beperk word

5.6 Eksperimenteel Span – Afrikaans en Engels

Hierdie afdeling is nie so streng en formeel soos die gewone spanne nie.
Die toespraak moet steeds beredeneerbaar wees. Bronne is nie ’n vereiste nie, en sprekers word aangemoedig om hul eie toesprake te skryf. Hul moet hul standpunt oortuig met eie ondervinding en eie opinies.
Spanlede van 2-4

Die toespraak:

- ✓ Die onderwerp moet beredeneerbaar wees en geskik vir lede se ouderdom
- ✓ Inleiding en slot moet effektief/treffend wees
- ✓ Sprekers se standpunte moet aanpas bymekaar en toespraak moet eenheid vorm
- ✓ Is daar eie voorbeelde en is taalgebruik skeppend?

Die aanbieding :

- ✓ Is sprekers se voorkoms netjies?
- ✓ Is sprekers selfversekerd/oortuigend/geloofwaardig?
- ✓ Is spanwerk sterk genoeg?
- ✓ Maak sprekers oogkontak met gehoor en mekaar tydens lewering?
- ✓ Stemgebruik vir elke spreker: duidelik/uitspraak en tempo?
- ✓ Is sprekers se notahantering gemaklik/natuurlik?

5.7 Skryfkuns (R110 per inskrywing)

Leerders skryf graag gedigte, kortverhale en stories en die RSF gee hulle die geleentheid om hierdie skryfstukke in te skryf ten einde kommentaar en terugvoer te kry. Skole mag enige hoeveelheid leerders inskryf en leerders mag enige hoeveelheid skryfstukke inskryf. Privaat inskrywings is ook welkom. Hierdie afdeling is egter **nie 'n kompetisie** nie.
As gevolg van die tydperk wat posstukke neem om ons te bereik, asook wanneer ons dit terugstuur, kan dit per epos gestuur word (maksimum 5 bladsye) voor die sluitingsdatum soos vir die redenaars en lees. Ons sal dan die sertifikaat aflewer die dag wat ons by jul skool/area die uitdunrondtes doen.

Afdelings:
S01 - Afrikaans Poësie
S02 - English Poetry
S03 - Afrikaans Prosa/kortverhaal (maksimum 5 bladsye)
S04 - English Prose/short story (maximum 5 pages)
S05 - Eksperimenteel /Experimental.

5.8 Leesfees

.Belangrike Notas/riglyne:

- ✓ Enige werk mag gelees word wat pas by die leser se ouderdom.
- ✓ Alle aanbiedings moet formeel wees, met ander woorde, in skooldrag en **geen hulpmiddels en bewegings** word toegelaat. Stemgebruik word aangemoedig.
- ✓ Elke leser stel homself voor, die naam van die werk en die skrywer. Bv. "Ek is Manie van der Merwe, ek lees vandag vir u 'n uittreksel uit "Lappies" van Dana Snyman"
- ✓ **Lesers moet 'n duidelike afskrif van die leesstuk inhandig by die beoordelaar Indien nie, sal hul penaliseer word.**
  Dit is **LEES** afdeling. Deelnemers wat poësie voordra (nie lees), sal geen repliekvorm ontvang. **Geen inskrywings vir voordrag sal aanvaar word.** Daar is nie gedramatiseerde lees.
- ✓ Deelnemers moet deurgaans dieselfde stuk lees, met ander woorde van die eerste uitdunrondte tot en met die Nasionaal.
- ✓ By die leesafdeling sal daar streng gekyk word na tyd, veral tydens Streeks- en Nasionale finaal. Maak dus seker die tyd van die leesstuk is reg.

Deelname vind plaas in graadverband op dieselfde dag en in dieselfde sessie as die redenaars. **TYD IS MAKSIMUM 2 MINUTE vir Laerskole en MAKSIMUM 3 MINUTE Vir Hoërskole.**

Afdelings:
L01 – Afrikaans Prosa
L02 – Afrikaans Poësie
L03 – English Prose
L04 – English Poetry

Indien daar enige navrae is, is u welkom om ‘n epos te stuur na

radikaleredenaar@gmail.com

Ons versoek dat geen navrae per whatsapp, sms of facebook gestuur word nie.

Baie dankie en ons sien uit na ‘n lekker “radikale” kompetisie !!!